

'N BOESMANLANDSE MALLE

binneste siel vasvra, maar 'n siel is nie 'n ding wat jy kan sien en vasvra nie. Daarom, laat nou maar alles van Die Dee Aar staan, en laat ek Oom van die afgryslieke groot Kiembelie vertel. Oom, dis 'n stad, dis 'n stad. Daar is 'n vreeslike geluid: Dit klink van die môre tot die aand, 'Daimong Fieng Edwertaiser, Daimong Fieng Edwertaiser!'

En dit sal Oom so nooit as der dag raai nie, want dis 'n soort koerantjie, my Oom, 'n koerantjie, die Daimong Fieng Edwertaiser. Duisende der duisende Koelieklonkies en Kaffertjies gryp elkeen 'n tienduisend van hierdie Daimong Fieng Edwertaisers by die koerantdruckers en hardloop daarmee oor die strate asof hulle besete is, en skree dan tot jy later met hulle en al glad verspot en malkop staan. En dan is daar 'n gat in die grond. Wat sê ek? 'n Gat! Dis nie 'n gat nie; dis 'n vreeslike stuk onderwêreld waaruit 'n vreeslike stuk boonste wêreld uitgehaal is; en nou lê daardie uitgehaalde boonste wêreld op 'n ander boonste wêreld en het die vorm en grootte van die Drakensberge. En nou het die Korags en die Datans en die Abirams van die teenswoordige tyd in daardie onderaardse wêreld gaan indompel om daimongs te soek. En hulle sê hulle haal vandag nog grond en klip en rots uit wat genoeg sal wees vir drie groot berge vóór hulle 'n daimongkie van vyf oulap en 'n

'N BOESMANLANDSE MALLE

stuiwer het. Maar dis verniet; hulle gaan nog dieper en dieper tot die aarde hulle ook verswelg. En dan, my liewe Oom . . ."

„Ja, maar wag eers, Malle", val oom Andries hom hier in die rede, „kom ons kyk nou eers weer wat my Kerkalmanak van die Kiembelie sê."

„Ai, my liewe oom Andries, die Kerkalmanak behoort aan die Kerk", sê Malle, „en ek bid Oom om tog die Kerk en al wat aan die Kerk behoort uit die polletiek te hou."

„O so, is dit dan om polletieke redes wat jy hier van groot stede kom vertel?" vra oom Andries.

„Nee, Oom", antwoord Malle, „nie die polletiek van die regeerders van die wêreld nie, maar die plannemaak-polletiek van 'n arm man om vir hom en sy vrou en kindertjies aan lewe te hou."

„En jy sê dan die Regering het jou gestuur", gooi oom Andries hom voor die kop.

„Nouja sien Oom", begin Malle weer, „daar lê die ding; Oom weet mos net so goed as ek dat die Regering net doen wat hy wil en dan moet die Boer vir alles betaal."

„Die Regering het jou dus gestuur", sê oom Andries, „om ons van groot stede te kom belieg en dan moet ons jou daarvoor betaal."

Malle krap sy kop en antwoord toe: „Oom

'N BOESMANLANDSE MALLE

Andries, ek swyg, maar ek was my hande in onskuld."

„Dit sal beter wees", sê oom Andries daarop, „dat jy met jou hande iets verdien as om hulle nou nog in onskuld te was."

„Ja, my Oom, jaaa", stemde Malle hier in, „die net die regte ding; gee my net 'n slagskapie en 'n bietjie meel, dan kom sny ek daarvoor Oom se ryp grane."

Oom Andries het maar baie min oesvolk gehad en so was hy dadelik gewillig om Malle vooruit die gevraagde skaap en 'n halvesak meel te gee. Ook belooft oom Andries hom 'n baie goeie beloning, as hy tog maar net wou kom help oes.

Malle was in sy skik, maar het tog nog by oom Andries gebly tot die volgende môre en allerlei leuens verkoop. Toe moes oom Andries hom nog boonop per kar met sy skaap en meel huis-toe stuur.

En dit was „laaste sien van die blikkantien" soos ons sê.

Oom Andries het later na hom laat soek, maar dan was hy hier en dan daar, en al wat uitkom is hy.

Maar hy wat Malle is, het ondertussen in ander rigtinge uitgegaan om kastig lesings te hou of met sy hande te verdien. En hoewel hy nooit iets ter wêreld verrig het nie, het hy tog telkens

'N BOESMANLANDSE MALLE

huiswaarts gekeer met 'n ou hoendertjie, 'n stukkie skaapvleis, 'n bietjie meel of ander voedingstowwe.

Sy vrou en kinders het wel sommige dae met min of met glad niks moes klaar kom nie, maar dit het geskyn of dit maar so hulle gewoonte is. Die vrou het haar dan ook aan g'n hande arbeid gesteur nie. Daar was wel buurvroue wat van opienie was dat sy kon was of stryk of enige naaiwerk doen om ook iets te verdien, maar sy het eenvoudig stil en rustig by haar kinders in die rietpondokkie gebly en daaruit nooit te voorskyn gekom nie.

Malle moes dus gedurig rondspring om met leuens en bedrog vir homself en sy gesin darem te laat eet. En in hierdie rondspringery was Malle altyd vrolik en rêrig optimisties van aard. Nooit kon jy 'n sweem van sorg of kommer by hom bespeur nie. Nooit kon jy hom van sy leuens en kullery oortuig nie. Aan die dag van môre dink hy nooit; sy leuens is evangelie in sy oë, en sy kullery beskou hy as doodgewone transaksies waarop elke mens op aarde geregtig is. Sy lewensleuse is: „Dis elke man se gouigheid om 'n kuller te wees, maar dis ook elke man se slegtigheid om gekul te wees.”

Malle kan nie kwaad word nie. Jy kan hom maar slegsê: jy kan hom voor stok kry; jy kan hom beledig, affronteer, wegja, uitkryt, die vuus

'N BOESMANLANDSE MALLE

onder sy neus steek — aan dit alles steur hy hom gladnie nie.

Want hy sê altyd so: „Ek het nooit tyd om ook bevoeterd te word nie, want ek moet dag en nag lesings hou of werk dat dit bars om te lewe.”

Malle praat ook nooit van 'n ewemens kwaad nie. Deug en ondeug mag nie met mekaar rym nie, maar dit maak nie saak nie, want Malle is in seker opsigte 'n doodgoeie siel en in ander weer 'n man met meer of min groot foute en gebreke. Die man wat hy deur vals beloftes besteel — prys hy en dra hy hemelhoog op agter sy rug.

Vir die man wat hy die lekkerste gekul het, het hy gedurig die grootste lof. En dié wat hom gemeen behandel, is ook engele in sy oog. Hy vergroot en jok en lieg die wêreld vol, maar nooit en nimmer sal hy iemand of iets deur selfs één ou woordjie benadeel nie. Volgens sy maniere en sy woorde is wat sleg is ook altyd goed, en wat goed is, is by hom beter as goed. En op die manier sweef Malle se gees steeds op die verkeerde trappe van vergelyking.

Die geleerde mense sê die Hollandse skrywers, Jacobus Jan Cremer en Justus van Maurik, is nie rêrige kunstenaars nie, want Cremer se hoof-figure is meesal gepersonifieerde deugde en ondeugde pleks van werklike mense, en Van Maurik se mense is weer meesal meer karikature as ware, lewendige wesens. Maar die geleerde mense het

'N BOESMANLANDSE MALLE

nog nie opgemerk dat daar tot selfs in die arme ou Boesmanland werklike mense is nie wat tege-lykertyd vol deugde en ondeugde is, en boonop nog onnatuurlike skepsels ook. Malle is so 'n mens: Hy is goed en sleg en hy is 'n groot stuk karikatuur ook. Hy is net die uitgeknipte man vir Cremer en Van Maurik se penne. Hulle sou hom geteken het soos hulle hom waaragtig geken het, en soos hy ook waaragtig is, maar dis seker dat hy dan ook vir meer as een leser 'n belaglike karikatuur sou gewees het.

Malle volg nie die gewone gang van sake nie, en ook nie van die Boesmanlandse lewe nie: Ons slaap om te rus, hy gaan lê om nuwe planne te maak vir slinkse streke; ons eet en ons werk om te lewe, hy eet en hy wandel die wêreld deur om weer te eet en verder te wandel; ons gewetes herinner en oortuig ons van ons misstappe; Malle skyn of hy nog nooit 'n innerlike besef van goed of kwaad in homself ontwaar het nie. Daar is by hom g'n konsensie wat tog darem ook één ou slaggie op sy siel losmoker nie. Hy is altyd vrolik, altyd goed, altyd volmaak. . . .

Sy vrou het hom later laat staan. Sy sê hy laat haar te honger ly, en dan — „hy lieg ook gans te veel.”

Malle was baie spyt daarvoor en hy het hom dit so aangetrek, dat hy van huis tot huis onder 'n vloed van trane gaan duidelik maak het hoe

'N BOESMANLANDSE MALLE

diep hartseer hy het. Maar volgens hom was dit nie sy skuld, en ook nie sy vrou se skuld, dat hulle uitmekaar geraak het nie. Sy vrou het daardie tyd baie swak van hom gepraat om maar die minste daarvan te sê. Maar Malle het haar nog altyd net lof toegeswaai.

En jy het ook nooit in sy teenwoordigheid enigiets tot nadeel van haar mag sê nie. En daar was tog ook juis so baie van haar te sê gewees, want sy was lui, parmantig, morsig en glad g'n voorbeeld vir haar kindertjies nie. Maar Malle kon niks kwaads van haar hoor nie. Hy het eenslag die wêreld afgestap tot in die Kaap, en daar by 'n Slamaaier „liefmaakgoed” gekoop om daarmee sy vrou te kom „toor”, sodat sy hom weer kan bemin. Op sy terugtog het hy aan die wêreld vertel van die wonderlike „liefmaakgoed” en vooruit aan almal beduie watter besondere effek die goed op sy vrou, sy engel, sy skat sal hê, en hoe sy hom om die hals sal gryp en dan vir lange ure aan sy nek sal hang.

Hierdie storiëtjie het hom toe vooruit gevlieg (soos die wêreld se beloop maar is) en het eindelijk ook die vrou bereik, lank voor hy nog by haar kon wees. En toe hy die dag voor haar ou pondokkie verskyn, het sy 'n ou petroleumblik vol morsige, stink seepsopwater oor sy kop omgekeer.

Proes-proes het hy van haar weggestap na 'n

'N BOESMANLANDSE MALLE

eensame plekkie waar hy hom stilletjies en ongemerk kon reinig en sy klerasie laat droog word. Daarop is hy na die naaste bure om daar lesings te gaan hou oor die geweldige Kaapstad vanwaar hy toe so juis gekom het.

Toe die mense hom later vra watter uitwerking die „liefmaakgoed” op sy vrou gehad het, was sy antwoord: „Ek moet weer Kaap-toe, want die Slamaaier het die goed net so bietjie te sterk aangemaak vir my arme vrou, wat maar van hoeka af 'n baie swak gestel het.”

En na alle Boesmanlanders al sat van hierdie nuwe lesings was, het Malle weer die rigting Boland-toe ingeslaan.

„Ja so, nou is ons tog weer vir 'n rukkie van alle sonde en ergernis ontslae”, het oom Andries met 'n sug van verligting gesê.

En dit het darem toe ook 'n taamlike rukkie geduur voor Boesmanland weer iets van Malle gehoor of gesien het. Maar wat tog uiteindelik weer gekom het was hy. Toe het sy vrou onder-tussen met iemand anders vir 'n soort van man saamgelewe. Dit het vir Malle egter ook nie van stryk kon bring nie. Oom Andries sê vir hom: „Malle, jou vrou het dan nou 'n ander man gevat wat ook maar net so gemaak en so gelaat staan is.” Verontwaardig antwoord hy: „My liewe oom Andries, ek is nie vandag hiersô se man nie, want ek is deur die hoogste Juds aan-

'N BOESMANLANDSE MALLE

gestel as hoof-kiefkonstabel van Malmensberrie; en dus is ek vandag in staat om daardie dierbare vrou van my met haar nuwe man en al uit te koop: dan is ek die baas en sy is die vrou en die nuwe man wat so gemaak en gelaat staan is, is ons kneg. Maar ek wil dit net nie doen nie, want my rang en my graad en my pos is te hoog om nog voetery te soek."

Daarop val hy somar weg om vir oom Andries 'n vreeslike, omslagtige en oordrewe beskrywing te gee van die „geweldige stad, Malmensberrie, waar hy nou die hoof-kiefkonstabel is". Maar oom Andries kry toe somar die bewerasie en sê: „Ai, goeiste, Malle, ek moet nou eers gou-gou na my beeste toe hardloop."

En daar trek oom Andries toe ook; en so moes Malle maar ander bure gaan opsoek om hulle met die Malmensberrie-beskrywings te vervolg.

Hoofstuk IX.

'N BOESMANLANDSE TANTE.

Almal ken vir tant Sariena. Maar sy meen altyd dat sy alle ander mense baie beter ken as hulle vir haar. En tant Sariena meen ook dat sy baie meer weet ook as alle ander mense. As 'n jong paar gaan trou, dan kan jy net so bietjie by tant Sariena langs gaan. Sy sal vir jou van die bruid en bruidegom baie meer vertel as wat hulleself of hulle eie ouers van hulle af weet. Maar sy sal altyd vir jou verseker dat sy g'n kwaad praat nie; dat sy 'n walg in skinderpraatjies het; dat die Vadertjie haar vir vals stories moet bewaar; dat sy gedurig bid om tog niemand ter wêreld deur leuentaal te benadeel nie; en dat sy ook g'n tyd het om haar met vies, agteraf geklap besig te hou nie.

Sy het 'n baie vroom voorkomste, die tant Sariena. Sy is altyd ernstig. Sy het nooit werk nie. Sy soek net gedurig mense op om mee te gesels. En dan kan sy nooit veel dat iemand anders ook iets onder haar geselsery moet sê nie. Sy is altyd baie beleef en het altyd 'n vloed van die allerhoflikste en vriendelikste woorde gereed om jou tot swye te dwing, sodat sy alleen kan praat. Sy weet van almal; sy is 'n baas lewensbeskrywer van ander mense; sy kan met profetiese blik vooruit sien wat vir al haar bure voor

'N BOESMANLANDSE TANTE

die deur lê; sy kan in die medelydendste taal simpatiseer met sekere bure oor sondes wat hulle egter gelukkig nooit begaan het nie; sy kan haar doodswaeg van bekommernis oor moeilikhede van medemense wat onder baie beter en voorspoediger omstandighede verkeer as syself.

Sy skrik smôrens wakker om die hele dag deur te gesels. Maar sy ken g'n ander onderwerp as net ander mense nie. Dan gaan sy saans slaap om deur 'n soete rus versterk te word vir dieselfde onderwerp dwarsdeur die volgende dag. Maar haar lewe is nie vir haar eentonig nie. Immers, sy is al oud en het baie ondervinding van ander mense opgedoen. Ook skilder haar gewete vir haar baie dinge uit haar eie lewe voor die gees, en dit pas sy dan alles ook op ander mense toe. Waar sy dit of dat gedink, gesê of gedoen het, kan ander mense mos ook dieselfde gedink, gesê of gedoen het, en dit natuurlik ook nog in baie erger mate as sy. Haar verbittering, haar rusies, haar valsheid, haar onnodige bemoeiings, haar kwaadstokerye, haar jaloesie, haar rusversterrende gemoed — alles gebruik sy as hulpmiddels of stof vir haar daaglikse onderwerp.

Sy kyk dikwels eers as deur 'n newel in haar eie siel om dan met 'n sterk vergrootglas haar bure des te beter te bekyk. En nou sien sy ongelukkig nooit iets goeds raak nie. Sy kan ook nie, want haar tong wat 'n „wereld van ongerech-

'N BOESMANLANDSE TANTE

tigheid is", en „welke het gehele lichaam besmet", het ook haar oë aangetas en dié so verduister dat sy net *kwaad* kan sien. Sy is dus baie besig, die tant Sariena. En stof en hulpmiddels het sy meer as genoeg vir haar besigheid. Die lewe is dus vir haar ook glad nie eentonig nie.

Sy kan ook 'n mooi, leesbare handskrif skrywe, die tant Sariena. En sy skrywe ook altyd baie graag, want haar vingers jeuk gedurig van die nuus wat op plekke noodsaaklik moet versprei word, waar haar tong nie betyds genoeg kan kom nie. 'n Buurman het ons een van haar baie briewe gewys; hier volg dit: —

„Waarde ou Neef en nooit te vergeete ou Niggie, — ek skryf om na julle welstand te mogen hoor en ek skryf ook om by ou nooit te vergeete Niggie 'n stuk of wat broeksknoopges te leen.” (Sy het altyd baie goeie? redes waarom sy aan die een of ander skryf.) „Met ou Klaas Kaal hulle gaan dit maar sleg; ek willen nie aan den storie wees nie, maar die mensken seg ou Klaas Kaal hulle het die eerlike siekte. Met ou Joos Helmoes hulle gaat det ook niet ten besten, want daar hep 'n jongkêrel sonder kristelike geloof kompt kuiger, en nou seg hulle dat daar iets groots verkeerd ben met ou Helmoes hulle se oudste dogter; maar julle kan self raai wat het syn mogt, want ek is niet 'n persoon wat sulke skandelyken dingen op den lappen brengt.

'N BOESMANLANDSE TANTE

Julle sal seker verwonder syn om te hoor dat den ouden Jakobus Houmoed se aardske besittings onder den prokkereerders hamer sal verkoopt word, daar syne vrou en syne dogters te hoog en te swierig geleeft heef, maar julle moet dese saak eers stil houd, want ek weet niet of het alles waarheid syt, dog soals de mensken seg heeft syne vrou en syne dogters hem gerinneweert. Met ou Petoors hulle gaat het ellendig want . . .”

En so hou die brief aan wat kastig geskryf is om eintlik maar 'n paar broeksknopies te leen. Maar dis maar haar manier van skryf; onder die voorwendsel van in behoefte te wees van broeksknopies of ander bogterytjies strooi sy haar giftige nuus met behulp van hand, pen en ink op dié plekke waar haar lekker tong nie gou genoeg kan reik nie. En sy smee tog altyd so mooi op die end van haar briewe om 'n antwoord terug.

Die hele gees van haar briewe dwing jou om hulle te beantwoord. Maar jy kan maar vir jou oppas; jou antwoord is jou dood. Dis die strik wat vir jou gelê is. Want tant Sariena haal uit andermans briewe wat daar nie in staan nie: Sy is kastig so 'n besonder goeie begryper en sy kan kastig beter tussen die reëls lees as enige ander mens ter wêreld. Tot sover sal sy vir jou die toestand probeer duidelik maak, as daar miskien navraag of stryd oor die een of ander brief kom. Maar in werklikheid doen sy baie meer as wat

'N BOESMANLANDSE TANTE

sy vir jou voorgee wat sy *kan* doen of gedoen het; sy verknoei en verdraai, sy las by en verander, sy lê uit en konstrueer tot daar later niks van die originele manuskrip oorskiet nie. En dit doen sy gewoonlik teen ander mense wat ook ongelukkig ooruitleners is. Sulke briewe van haar, en antwoorde daarop, bring dus haar „besigheid” van kwaadstokery in ’n bloeiender en uitgebreider welvarenheid.

En tant Sariena is ’n vrou wat graag woeker met haar talent om — te klets en die hele wêreld in ’n roesiemoesie te dompel. Vandaar al die moeite en gesukkel wat sy haar soms getroos om gedurig al die nuus van die dag te wete te kom. Met al hierdie nuus dryf sy dan ’n soort omsethandel en skep daaruit haar persone sonder naam en haar karakters sonder eer. En hoe swarter sy haar karakters smeer hoe meer sy in hulle behae skep, en haar selfs in hulle verlustig met ’n steeds dieper, rondsnuffelende neus.

Sy is tog ook ’n alte getroue kerkganger, die tant Sariena. Want in die kerk het jy tyd om uit te vind hoe verspot ou Liesbet of ou Vytjie se hoed sit; hoe vroom die huigelagtige ou Jasper of ou Klaas vir hom hou; hoe snaaks ou Rommelkas met die geleende kraakstewels tussen die rye kerkbanke sukkel; hoe stuitig die kinders van ou Doosboks-hulle sit en ginnegaap; hoe hinderlik dit is as hierdie of daardie persoon

'N BOESMANLANDSE TANTE

hom of haar nie vroom genoeg en stigtelik genoeg gedra nie.

O ja, die kerk is vir haar 'n wêreld van menslike openbaringe: Sy kan somar aan ou Kopswaai of ou Somerwarm se manier van inkom sien dat daar 'n fout is; 'n mens wat só inkom moet volgens haar heeltemal omgekrap wees en is nie in die regte stemming vir Godswoord nie. Sy het dan ook tyd om sulke mense te bejammer, want met haar eie stemming of gemoedstoestand hou sy haar nooit besig nie. Onder die gebed kan sy ook eerbiedig tussen haar vingers deur loer om sondaars en sondaresse te betrap wat nie na behore hande saambou nie.

Haar gesig bly ernstig na die preekstoel gekeer solank as die leraar die woord verkondig, maar haar oë loer en draai gedurig links en regs om te sien watter indruk die preek op seker gemeentedele maak wat sy niks goeds van dink nie.

Oppervlakkig beskou lyk dit of sy waarlik begaan is oor die bekering van sulke lede. Sy praat dan ook in die simpatiekste taal van hulle, maar op die ou end beskou sy hulle darem ook as hopelose wesens waaraan niks meer te doen is nie. En by sulke gesprekke slaan sy gedurig haar oë hemelwaarts onderwyl sug op sug haar bors ontsnap.

Tant Sariena lees ook graag die koerante, maar net skutberigte en hofsake. Die skutberigte lewer

'N BOESMANLANDSE TANTE

vir haar baie op, maar die hofsake nog meer: Sy weet of raai tog altyd so goed watter arm, vervolgsugtige ou siel die stomme ou paar koeie of muile of donkies skut-toe gestuur het, maar sy is tienmaal beter bekend met al die skandalige handeling en oortreding van alle misdadigers as die fynste speurder of die knapste prokureur, advokaat of hoofregter.

Tant Sariena is alwetend, want sy het altyd vooruit geweet dat hierdie of daardie persoon die hofsak sou verloor; maar dan kon dit volgens haar sienswyse ook nie anders gebeur het nie, want sy het mos somar van die staanspoor af geweet dat hy eenvoudig meer as doodskuldig was; ja, die hof het hom nog glad te genadig behandel.

Hoe sy dit alles weet? Wel, dit moet jy haar nie vra nie, „want”, sê sy altyd, „ek is nie 'n mens wat aan die wêreld sulke skandalige sake openbaar nie.”

Op hierdie manier sinspeel en insinueer sy tot onkundige en grage storiemakers wat maar alte vatbaar is vir allerhande agterdog en suspesie ook die „skandaligste” gedagtes koester van arme onskuldige persone.

En op die manier bereik tant Sariena juis haar doel. 'n Dronkaard sien graag ander dronkaards, en hoe meer hy sien hoe lekkerder vir hom. Alleenstaan is mos darem ook nooit aangenaam

'N BOESMANLANDSE TANTE

nie. Daarom sê die spreekwoord mos ook „hoe meer siele hoe meer vreugde”. Dus, hetsy goed of hetsy kwaad — jy soek maters.

En so ook tant Sariena; sy is gedurig besig om meer en meer lasteraars te maak. En daar laster nou juis 'n ondeug is, groei dit gou: „Ill weeds grow apace”.

Daarom ken tant Sariena ook nie baie teleurstellings in haar bedryf nie. Daar is altyd ongelukkig mense wat hulle ore aan haar uitleen. En nog ongelukkiger is daar ook altyd mense wat laster vir soetkoek eet; en as hulle klaar geëet het, moet hulle natuurlik alles oorvertel vir spysvertering; want wie van die soort „soetkoek” geëet het voel of hy kan oopbars as hy dit vir homself moet hou. En nou gaan skree hy nie daar in die eensame veld in 'n gat dat koning Midas eselsore het nie. O nee, dit gee hom geen verligting nie: Hy hardloop vir Jan Rap en sy maat by en verkondig met baie bewerings en beëdigde verklarings hoe bitter dit hom grief oor die bose daade van Piet of Poul of Klaas, want so en so en so en so staan sake met hom. En tant Sariena sit agter dit alles met 'n doodonskuldigte en soetsalige gelaat.

Tant Sariena is 'n vloeiende redenaarster in sedepreke. Hierin ontbreek dit haar nooit aan woorde nie. Ons het haar eendag hoor uitwei oor „kwade samensprekingen bederven goede zeden”.

'N BOESMANLANDSE TANTE

Jy kon nie anders as dink dat sy werklik tot in haar siel ontroer is nie oor al die skinderpraatjies van die dag. In alle erns slaan sy op haar ou tafelblad en roep ons toe: „Ai, dierbare vrinde, laat ons tog in al ons gesprekke baie versigtig wees met ons tong. Hoor tog wat sê die Heer Se woord: „Kwade samensprekingen bederwe, vriende, *bederwe* goeie sede!”

Hoe lyk vleis vir julle wat bederwe is? En dink bietjie nou, hoe moet ons lyk vir die Heer as ons sedes bederwe is? Ag, ag, daarom wil ek mos nooit met 'n storie te koop loop nie! Net nou-die-dag het ek weer 'n afskuwelike ding van ou Hurkesit gehoor, maar ek wil nie my sedes bederwe nie en ek swyg, ek swyg soos die graf. Want ek sê altyd so: my sedes is my gewoonte, my manier, my gebruik, my gedrag, ja, my hele houding, geaardheid en lewenswys. En as dit alles nou deur my tong moet bederwe raak, dan is ek mos ontaard, losbandig, gewetenloos en 'n gevaarlike wese vir my samelewing.

En daarom hoef julle my nie uit te vra van ou Hurkesit nie, of van die snaakse affêre van Jamiema Vieva nie, of van die onnatuurlike daad van Pietertjie Voeteklop nie, want ek dink van my sedes te veel om hulle te bederwe.. .”

Op hierdie manier het tant Sariena vir ure aangehou. En sy het haar self geglo. *Dit was die aandoenlikste van alles.*

H o o f s t u k X.

'N BOESMANLANDSE LIEFDESAFFÊRE.

My oorlede ma het altyd gesê 'n mens moet 'n ding net sê soos dit is. My oorlede pa het weer altyd gesê 'n mens moet nooit iets oordrywe nie. En nou het ek ongelukkig die manier om 'n ding nie altyd net soos dit is te sê nie, want voor ek my kom kry oordryf ek alles wat by my mond uitgaan. Ek maak dus die fout om beide my oorlede ma en my oorlede pa se twee spreekwoorde te breek of te oortree.

Dis darem ook nie juis *ek* wat so verkeerd peuter nie, maar dis my tong wat so los en vas spook; en my tong is net soos dieselfde spraakorgaan van oorlede ouma Grietjie — moeilik om in toom te hou.

My tong het ek dus van my oorlede ouma Grietjie oorgeërwe. Die skuld is derhalwe ook nie so groot by my eie tong te soek nie, want dit kom mos van arme oorlede ouma Grietjie.

Nouja nou is my pad oop en so kan ek maar begin met wat ek te sê het. En ek het baie te sê (soos ouma Grietjie altyd gehad het) want ek wil graag my hele en ganse sielsomstandigheid aan die wêreld blootlê. En waar ek dit miskien mag oordryf, daar sal ek dit darem ook weer ruitelik en dadelik erken. . . .

'N BOESMANLANDSE LIEFDESAFFERE

Ek het jarelank vir Mynatjie geken; dit is te sê ons ken al mekaar ruim sewe maande en nou nie juis letterlik jarelank nie.

Maar ek het vir Mynatjie in al die tyd nooit eens raakgesien nie; dit is te sê ek het haar wel aldag gesien, maar nie soos nou-die-dag nie. En hier lê nou my groot moeilikheid om duidelik te maak hoe ek haar dan nou-die-dag gesien het. Tog sal ek die ding probeer. Dit het dan so gekom: Ek het soos aldag van ons beeste uit die veld tuis gekom. Ewe onskuldig en onwetend van die hele wêreld en sy bose arglistigheid stap ek dan toe na die tent waar ek by bure inwoon. Tot my verwondering kry ek net vir Mynatjie daar. Sy lag en sê:

„Al die mense het gaan kuier en hulle het my gebied om solank hier by die tente te bly en almal se aandete voor te berei.”

„En wat omtrent my middagete en koffie?” vra ek. Op hierdie vraag kyk sy my konsuis verontwaardig aan en sê: „Asof ek daarvoor nie reeds gesorg het nie!”

Toe kyk ek vir die eerste maal in my lewe op die hele Mynatjie soos sy daar voor my staan. Wat toe verder gebeur het kan ek nie juis sê nie. Ons het ook niks weer met mekaar gepraat nie. Dit weet ek goed, sy het darem toe vir my die tafel gedek en koffie geskink en langs my gestaan as 'n tafeldiende. En al die tyd het ek nie weer

'N BOESMANLANDSE LIEFDESAFFERE

na haar gekyk nie en sy ook nie na my nie. Maar wat ek probeer doen het, was om na haar kant ongemerk te loer. Dit het egter nie geluk om haar op hierdie manier in oënskou te neem nie, want telkens het ek gewaar dat sy ook net so hard probeer om my ongemerk te beloer. Sy het toe natuurlik ook agtergekom dat ek ook net soos sy skelm-skelm aan loer was. Ons het dus altwee mekaar op dieselfde daad betrap en dit het ons regte skaam en verleë gemaak.

Maar ek kon darem nie help om tog nog kort-kort weer en weer te probeer loer nie. En sy kon dit glo ook nie help om nog 'n slag en nog 'n slag te probeer loer nie, want aljimmers het my skelm-loerende oë hare in dieselfde besigheid gevang.

Ek word toe regte kwaad vir haar, want waarom kon sy my dan nie die kans gee om alleen te loer nie? Maar sy het glo ondertussen weer vir *my* kwaad geword om ek *haar* nie alleen wou laat loer nie. Want later, toe ek reeds baie vererg was, sê ek: „Jy, jy moet vir jou oppas!” Toe antwoord sy somar dadelik en net so kwaai: „En jy dan!”

Maar dit was, wonderlik genoeg, vir my eintlik lekker dat sy toe ook so skerp teen my praat: Dit het my kans verskaf om nog iets te sê of te doen in kastige selfverdediging. Ek dan toe ook nie links nie — gryp haar lang vlegsels

'N BOESMANLANDSE LIEFDESAFFERE

hare agter haar rug en piets haar daarmee oor die linkerwang. Sy kry toe konsuis so bitterlik seer dat sy haar toe ook konsuis moes wreek, en gryp my aan die kuif. En toe is ek weer konsuis te swak om haar ou sagte handjie van my kuif af weg te ruk.

Om die saak egter aan die gang te hou, probeer ek darem met gemaakte stoeiery om los te kom. Op hierdie manier geluk dit my toe om haar onder die indruk te bring dat sy sterker is as ek. Vol van hierdie verbeelding ruk en pluk sy dan ook aan my hare en skater dit so uit van pure genot oor haar triomfantlikheid.

Ek trek dan toe ook maar 'n gesig asof sy aan my hart skeur; en dit gee my verder die kans om haar twee arms te gryp en vas te hou, sodat sy konsuis nie te woes met my hare sou te kere gaan nie. Toe was dit vir 'n hele paar oomblikkies net 'n baie salige handgemeenskappie. Ek was vies dat sy later so dom word om vanself my hare te los, en sy het net so vies gelyk dat sy verplig was om maar beleefdheidshalwe te los. Immers, toe weet ons nie wat om verder te doen nie. Ek sê toe maar ewe verontwaardig: „Maar dink vir jou!”

„En *jy* dan!” roep sy weer daarop net so verontwaardig uit.

Toe wou ek haar vermaak en stap toe somar botweg by die tentdeur uit. Maar waar ek toe

'N BOESMANLANDSE LIEFDESAFFERE

ook gaan sit of dwaal, haar beeld bly voor my twee oë. En wat ek toe ook doen of dink, sy bly in my gedagte. Ek kon nie anders as om te erken dat ek Mynatjie daardie dag na al die tyd eers regtig raakgesien het nie. En toe het ek ook somar gevoel dat ek haar van daardie dag af altyd so sal sien, al sou ek ook hoe ver van haar verwyder wees. Daarom besluit ek toe maar later om reguit na haar te gaan en haar my hele toestand duidelik te maak.

Weer by haar gekom, sê ek dan toe:

„Mynatjie, jy weet ek is 'n man wat die geaardheid het om iets te oordrywe en altyd te veel te praat soos oorlede ouma Grietjie, maar dit sweer ek jou voor vandag sal ek niks oordryf nie, want dit voel my of ek kan oopskeur van gevoelings oor jou. . . .”

„Gevoelings oor *my*, Kobussie!” roep sy hier verwonderd uit.

„Ja, Mynatjie, gevoelings oor jou”, herhaal ek, „want jy moet weet — *ek het jou vandag gesien, nie met my oë soos ander dae nie, maar met my hart.*”

By hierdie woorde wat ek in die grootste erns en opgewondenheid uitgespreek het, laat sy haar koppie sak en bloos soos alleen ou Mynatjie kan bloos. Dit kon ek nie verder uithou nie, want toe was dit of my hart haar nog beter sien as ooit; ek gryp haar dus by die regterhandjie en

'N BOESMANLANDSE LIEFDESAFFERE

sê: „Mynatjie, Darlinkie, Lieflinkie, ou onuitputlike Teerbemindinkie, glo my tog, ek oordryf nie vandag soos oorlede ouma Grietjie nie, maar ek spreek woorde van verskriklike erns en vreeslike waarheid; ek het jou vandag vir die eerste maal gesien soos g'n mens op aarde ooit 'n ander mens gesien het nie en ook nooit sal sien nie en kan sien nie. Ek bid jou om my te glo dat ek nie weer oordryf soos arme oorlede ouma nie — *ek wens dat ek kan oordryf, want dit is jy tien-der-duisend-der-duisend maal werd* — maar ek oordryf nie nou nie, want ek spreek nou wonderlike woorde van warm vuurvflammende liefdesgloed; ek staan op my twee voete, maar dit voel of ek om jou ontwil hier voor jou voetjies kan morsdood neerval; ek praat nou met my arm, onbeholpe ou mond, maar dit voel of die taal van my hart somar tegelyk by neus en ore ook kan uitspring; ek probeer om my nou so kalm, so kalm soos 'n dooi klip te hou, maar ek wurg al en dit voel of my ganse sielsomstandigheid se binnenste ratwerk kan vuur vat en ontplof.

Ek oordryf nie, Myna-darlin-bemindinkie, ek oordryf nie, want ek het vandag eers vir jou gesien, en nou is ek sagter as 'n lam, grypender as 'n leeu en bewriger as 'n aardbewing. Ek het vir jou gesien en nou is ek nie meer die ek van gister en eergister nie, néé; ek is nou glad iets

'N BOESMANLANDSE LIEFDESAFFERE

anders en ek is nou glad op 'n ander wêreld ook — 'n wêreld waar net *jy* en *jy* alleen is. Een ding kan ek vir jou sê, ek . . .”

Hier hou ek skielik op want toe gewaar ek dat sy soet en lekker onderlangs lag.

Diep geskok, sê ek toe met groot beslistheid: „Ja, Myna-darlinkie, ek sien dat jy my nou uitlag en bespot om ek jou vandag gesien het, maar jy moet my dan maar asseblief vergewe, want wie van alle menskenkindere kan dit ooit help om eens of later die enigste Blommetjie van Boesmanland in al haar luister en glorie raak te sien? Dan kan jy my net sowel kwalik neem dat arme ek ook al die aand- en môrester sien skitter het. Daarom pleit, bid, smEEK en soebat ek jou nou — dus op vier maniere tegelyk — dat jy my tog moet vergewe dat ek vandag gesien het wat vir my altyd en orals alleen werd sal wees om gesien te word.

Kom, sê nou net, 'Kobussie, ek vergeef jou', en dan sal ek maar my ou hoed vat en by hierdie tentdeur uitstap, en dwarsdeur al die woestyne van die wêreld gaan swerwe tot ek eindelijk die Dode See bereik, en dan daar ook in 'n soutpilaar verander, omdat ek ook daar nog steeds na jou toe sal omkyk. Praat, antwoord, sê net. . .”

Hier hou ek weer skielik op, want toe kyk ou Mynatjie op in my twee oë en sê:

„Kobussie, jy het weer alles te ver gedrywe en

'N BOESMANLANDSE LIEFDESAFFERE

oordrywe, want *ek het jou ook eers vandag gesien soos jy my gesien het!*"

Toe kon ek glad niks sê nie. En toe sit ons maar na mekaar en kyk asof ons die grootste wonders van die Heelal was. Maar onder hierdie kykery het as van ver 'n soete lied met die skoonste klanke in my ore geklink. En al die tyd het Mynatjie ook gesit as iemand wat aangenaam verras word deur wonderlike musiek uit 'n towerland.

Eindelik kom ons mense van hulle kuiertjie tuis. Toe gryp ek vir ou Mynatjie weer aan haar regterhandjie en sê: „Liewe ooms en tantes, julle wat reeds op ou huweliksbootjies reis, vandag sal ek nie weer oordryf soos arme ouma Grietjie nie, want vandag moet ek julle met die krag van my hele liggaam, hart en siel meedeel, bekendstel en aankondig dat ek en Mynatjie netnou — netnou eers mekaar gesien, *ge-sien* het soos nog geen. . . .”

Hier kon ek nie verder woorde vind nie, want ek wou nie weer omslagtig wees of oordryf nie. Maar toe roep Mynatjie se pa ook net uit: „Guts, Kobus, wat praat jy!”

„Dis nie ek wat eintlik praat nie, Oom”, antwoord ek, „dis die heilige waarheid wat so uit my hart uit losspring.”

„Nou maar hoe het julle dan mekaar gesien?” vra Mynatjie se ou oom.

'N BOESMANLANDSE LIEFDESAFFERE

„Nee, my liewe Oom”, antwoord ek weer, „dis bo die vuurmaakplek van alle mensketonge om dit duidelik te maak.”

„Ag wat”, sê die pa en die ou oom se vrouens hier tegelyk, „kan julle nie somar sien dis 'n liefdesaffêre nie?”

En toe lag almal, want gelukkig het almal daarvan gehou dat ek en Mynatjie so 'n soort affêre aan die gang moes sit. En so kon ons toe nog baie dae met hierdie aangename affêre vorentoe spook tot ons troudag toe, en toe nog altyd vorentoe en nog verder en verder vorentoe, want ons sien mekaar nou nog aldag beter en innerliker.

En nou oordryf ek ganskelik nie as ek sê dat dit vir my en my ou Mynatjie voel of daar nog nooit op die wêreld net so 'n salige liefdesaffêre was nie en sal wees nie.

Hoofstuk XI.

'N BOESMANLANDSE UITSTAPPIE.

Dis skoonsuster Annie, dis skoonsuster Miemie en dis ek. Ons wil tog alte graag vir oom Daantjie op Kalkgat gaan kuier. Dan praat skoonsuster Annie daarvan, dan skoonsuster Miemie, dan ek en dan weer somar ons aldrie tegelyk. En so het ons vir 'n paar maande aangehou. Maar later het ons aldrie oortuig geraak dat van uitstel net afstel kom, en so het ons eindelijk 'n vaste besluit gemaak „om nou net, net môre” vir oom Daantjie te gaan kuier. En toe het skoonsuster Annie en skoonsuster Miemie ons kleertjies geborsel en ek het ons „kuier-skoene” met swart politoer beplak.

Die volgende môre was alles dan ook agtermekaar. Ons woon bo-op die hoë Bokveldsberg, en Kalkgat lê diep, diep onder in die Karo. Maar onder in die Karo lê ook 'n plaas van skoonvader, en daar bly skoonvader se ou jong met 'n klomp donkies. Nou klouter ons die steil kranse van die Bokveldsberg te voet af tot op die hierdie laasgenoemde plaas, en dan sal ons hier 'n ou kar en vier donkies vat en rêrig lekker gaan kuier vir ons oom Daantjie op Kalkgat. Ons klouter dan ook maar stadig en op ons ge-

'N BOESMANLANDSE UITSTAPPIE

mak die berg af, want ons sal tog nog voormiddag by die donkieplaas wees; dan kan ons goed uitrus en vroeg in die namiddag per donkiekar vertrek en nog somar maklik voor sonder by ons oom Daantjie op Kalkgat wees.

Net toe ons op die donkieplaas kom, roep ek skoonvader se ou jong en sê vir hom: „Outa Danster, kyk hier is 'n pruimpie tabak, en kyk daar wei die spul donkies; loop bekyk hulle so bietjie deur, want vroeg namiddag wil ons vier van die bestes hê om 'n heen-en-weertjies vir oom Daantjie op Kalkgat te gaan kuier.”

Ou Danster lyk toe baie bly oor die tabak, maar half in die war oor wat ek van die donkies gesê het. Maar dit verstaan skoonsuster Annie, skoonsuster Miemie en ek toe nie. Dit sou ons nog later verstaan. Ons eet dan toe maar 'n stukkie lekker koue kos, wat ons saamgebring het, en sit en gesels verder oor alles wat ons weet van oom Daantjie op Kalkgat. En tot ons blydskap was die tyd eindelijk daar om op te staan en in te span. Ons help aldie vir ou Danster om die spul donkies in 'n kraal te ja, en toe sê ons vir hom: „Toe nou outa Danstertjie, wys nou vir ons die vier bestes”. Maar pleks van dat die ou jong dit doen, skud hy sy peperkorrelkop en sê: „Jinnigie, my duusman se kinners, das nie donkies hierdie wat die ding kar-trek ken nie; das mos somar suurvoet en orskietgoed.”

'N BOESMANLANDSE UITSTAPPIE

Nouja, daar staan ons toe vir 'n hele ruk op ons neuse en kyk.

Maar eindelijk sê ek: „Nou kyk hiersô, outa Danster, suurvoetgoed of oorskietgoed, dit kom nou nie daar op aan nie; vang maar voor die voet en ek sal halters omsit.”

Skoonsuster Annie en skoonsuster Miemie was tog te bly om dit te hoor en help ook somar om die klomp oorskietgoed op 'n bondel te druk in 'n hoek van die kraal. Gou is toe ook vier halsstarrige langore wat ons wou byt en skop halters omgesit en tuig-toe gesleep. Dit was al 'n hele orasie om hulle ingespan te kry; die een wou maar nie regstaan nie; die ander wou nie stilstaan nie; nog een wou nie vorentoestaan nie, en die vierde wou weer op die dood nie agteruitstaan nie.

In kort, nie een wou so staan dat hy juis op 'n seker plek in 'n seker tuig kon gespan word nie. Dit was hulle hele politiek hierdie. En dit het net baie remmery, stotery, vastrappery, beurdery en rukke en plukke gekos om hulle tog tenminste vóór die ou kar vasgetuig te kry. En ten spyte van die feit dat hulle tog ten laaste so vasgetuig was, het hulle vier koppe tog nog in vier verskillende rigtinge wat, wonderlik genoeg, nie een die regte was nie, gedraai. Maar daar kon skoonsuster Annie, skoonsuster Miemie, ek nog outa Danster iets aan verhelp. En dus moes

'N BOESMANLANDSE UITSTAPPIE

ons maar probeer ore en oë toemaak en na ons oom Daantjie op Kalkgat sukkel.

Ek behoor tot die manlike geslag en moes dus die sweep en leisels hanteer. Maar kyk dan was ek vir outa Danster kwaad oor die ding wat hy sweep genoem het. Dit was mos somar so 'n ou plat, dun riempie soos 'n linneband aan 'n stuk droë stok soos 'n kiere! Jy kon nie eens daarmee 'n ou kalkoenkuikentjie skrikmaak nie, wat nog te sê hardnekkige, gevoellose en ontouwys donkies.

Maar ons wou nou eenmaal na ons oom Daantjie op Kalkgat, en so ruk ek dan maar tot groot blydschap van skoonsuster Annie en skoonsuster Miemie die vier leiseltjies op en skree: „Hiert, julle maaivoedies, heeit, kom aan!”

Die gevolg hiervan was dat die dier wat hotagter staan en die een wat hom daarvoor begeef tegelyk skrik en vorentoe ruk, terwyl die haaragter en die hotvoor glo die gedoente verkeerd verstaan het en dus altwee agteruit rem. Maar hierdie wonderlike dwarstrektery kon die tuigies nie verdra nie; een langleisel, een kortleisel, een broek, een borsriem, een skouerstuk en een buikgordjie breek dan toe, asof op afspraak, tegelyk orals morsaf.

Dis nie 'n storietjie hierdie van ons kuiertjie na ons oom Daantjie op Kalkgat, wat in sy geheel kan oorvertel word nie; dan sal dit te veel boekdele bevat.

'N BOESMANLANDSE UITSTAPPIE

Ek sal dus maar moet kort speel.

Outa Danster se els en alle naairiempies was nog glad nie genoeg vir al die lasplekke nie; ons moes maar later met ander riempies en touwtjies knoop ook, om in vredesnaam maar weg te kom na ons oom Daantjie op Kalkgat. En toe alles weer in orde was het outa Danster die sogenaamde voordonkies aan hulle bekke 'n end in die pad gelei, en toe onverwags onder hulle alvier ingespring met 'n geweldige geskreu en 'n stuk osriem.

Op dieselfde oomblik het skoonsuster Annie, skoonsuster Miemie en ek uit drie kele ook net so 'n geskreu aangehef, want ons politiek was om die vier diere tegelyk skrik te maak en tegelyk op loop te laat sit na ons oom Daantjie op Kalkgat. En wonder bo wonder skrik hulle dan ook tegelyk en neem die spat al in die wapad, al in die wapad.

Outa Danster kon dus maar omdraai, en skoonsuster Annie, skoonsuster Miemie en ek sit elkeen met 'n blye, breë lag op ons gesig.

Dit gaan toe net goed, *lekker!* Die vier donkies draf nie; hulle is op hol. En so gaan dit rêrig snel na ons oom Daantjie op Kalkgat. En voor jy dan ook kon sê mes was ons al by Mietjie Suis wat tussen skoonvader se donkieplaas en Kalkgat woon.

Hier kom ons nou onder 'n groot geraas en

'N BOESMANLANDSE UITSTAPPIE

in 'n dik, warrelende stofwolk stilhou om vir Mietjie Suis en haar mense te groet en lekker koffie te drink. So gesê so gemaak. Die vier donkies staan doodstil in hulle sestien spore en hyg na asem onder hulle wonderlik gekoppelde tuigies, en skoonsuster Annie, skoonsuster Miemie en ek laat so onder die gesels ons neuse kort-kort bo-oor Mietjie Suis se groot koffiekommietjies hang. Maar alle goeie dinge raak mos ook op 'n end, en so was „het scheidingsuur” ook gou daar dat ons maar weer moes groet en laat vat.

En net van hierdie laat-vattery het ons grootste moeilikhede begin. Eers wou g'n donkie uit sy spoor vertrap nie; toe was dit weer 'n dwars-trekkery en remmery en later kon die ou tuigies dit ook nie langer verdra nie. Mietjie Suis en haar mense was egter baie hulpvaardig, en so het ons ons dan tog darem naderhand weer in die wapad na ons oom Daantjie op Kalkgat bevind.

Tog wou dit toe gladnie stryk nie. Eers spring die sogenaamde voordonkies kort-kort uit die pad. Hoe ek ook al daarvoor op my hoede was, en die leisels vashou so wat ek kon, dit help alles niks; die hot- en haarvoor spring maar aljimmers uit die pad en dan maak ons sulke wye draaie oor bosse en klippe. Skoonsuster Annie en skoonsuster Miemie het later elkeen twee

'N BOESMANLANDSE UITSTAPPIE

leisels gevat en ek het langsaan gedraf om die donkies aan hulle bekke te ruk as hulle weer die „triëk” uithaal om die pad te verlaat.

Maar spoedig het die kastige hotvoor ons politiek om hulle teen wil en dank padlangs te hou uitgevind, en so gaan hy hom toe eenvoudig paks op die grond neersmyt. En gou-gou het die kastige haarvoor weer die politiek van sy maat verstaan en hom dus toe ook langsaan neergegooi.

Maar ons was nog vasbeslote om na ons oom Daantjie op Kalkgat te gaan en so maak ons toe weer 'n plan: Ons haal hulle toe alvier uit die tuie en span daarop al wat voor was, agter in, en al wat weer agter in was, vóór in. Toe vat ek die tou van voor, en skoonsuster Annie en skoonsuster Miemie skree van die ou kar af:

„Hiert, haait, huuut, jul skelms!”

En daar gaan dit toe weer op so 'n ou nare draffie waaroor ek maar bly was, maar wat die donkies al dikbekkiger gemaak het. En spoedig kry die sogenaamde, nuwe agterdonkies dan ook weer die gedagte aan hulle politiek van flussies om hulle op die grond neer te smyt. Dus raak hulle toe tegelyk aan agteruitrem om 'n kans te kry om te probeer lê. Dit was natuurlik ook in die nuwe voordonkies se smaak, toe hulle voel dat agter hulle gerem word, en raak gevolglik ook aan rem.

'N BOESMANLANDSE UITSTAPPIE

Ten einde raad, wou ek toe doen wat heeltemal onmoontlik was: ek probeer die ganse affêre, roerend en onroerend, vorentoe *sleep*. Dit kon natuurlik nie. En toe val dit my eers by om na die son te kyk. En wat sou ek sien? Die son wat hom aan g'n kuiertjie na ons oom Daantjie op Kalkgat steur nie, wou al byna ondergaan. Skoonsuster Annie en skoonsuster Miemie sit nou radeloos en sprakeloos. Maar ek bereken die afstand na ons oom Daantjie op Kalkgat en ek bedink die ware toestand van sake. En toe kom ek tot die oortuiging dat ons op hierdie manier vir oom Daantjie op Kalkgat in der ewigheid nooit sou bereik nie. En wat sê die spreekwoord? As die berg nie na Mohamed toe wil gaan nie, dan moet Mohamed na die berg toe gaan. Dus, as skoonvader se oorskiet-donkies dan nie na ons oom Daantjie op Kalkgat *wil* gaan nie, dan moet *ons* maar met skoonvader se donkies na skoonvader se donkieplaas gaan.

Dis dinge wat vanself spreek hierdie, en ek kon dit tog alte duidelik insien. En baie mistroostig gryp ek weer die tou en sukkel om die affêre omgedraai te kry na die donkieplaas se kant toe. Skoonsuster Annie en skoonsuster Miemie wil toe weet wat ek aanvang, maar ek het hulle gou stil gemaak deur vir hulle ons hele toestand bloot te lê: Oom Daantjie op Kalkgat sou ons tog nie haal nie; en dus sou ons die

'N BOESMANLANDSE UITSTAPPIE

ganse nag in bitter koue en in die oop veld sonder vuur, kos en kooigoed moet deurbring. Ook sou ons die donkies nie die hele nag in die tuig kan laat staan nie; dit sou te wreed lyk. Ons sou hulle dus moet uitspan; dan sou hulle eenvoudig in die donkerte wegloop en dan sou ons drie met die ou kar die volgende môre ewe verspot bly sit in 'n eensame vlakte sonder enige hulp of raad en daad. En toe sit hulle maar doodstil en laat my begaan.

Die vier donkies het nie eers die saak vertrou nie; dit skyn of hulle gedink het dat die om-draaiery maar net weer 'n nuwe politiek van my was om hulle te mislei, en so het hulle my vir 'n hele ruk maar baie agterdogtig, langtand en dik-bekkelig gevolg. Later, by 'n seker lang afdraand, het die ou kar ook vanself aan rol geraak en toe het hulle glo gedink: Nee wag, kom ons neem nou ons kans waar en spring weg donkieplaas-toe.

Toe kon ek maar die tou voor los en moes net lelik sukkel om onder die snelle voorwaartse beweging op die ou kar te kom. Ons was ook maar baie skaam en het op hierdie onverwagte terugtog dus somar by Mietjie Suis hulle verby gejaag.

Heeltemal pikdonker kom ons toe eindelijk doodmoeg en doodvies weer by outa Danster aan. Vererg skree ons toe na die ou jong se pon-

'N BOESMANLANDSE UITSTAPPIE

dok: „Kom vat jou ou kar en oorskietgoed; ons is met hulle nou vir altyd klaar!”

Gelukkig het skoonvader se donkieplaas darem 'n ordentlike woninkie waarin ons die nag kon deurbring.

Toe ons die volgende dag, so teen middag, weer bo-op die hoë Bokveldsberg kom, kom ou Dowe Koos Alarm ons die eerste teë. Om die ou so stokdoof is, verbeel hy hom dat hy net so hard moet skree as wat jy teen hom moet skree.

„Almattie!” skree hy dan ook. „So gou weer t’rug! En hoe gaan dit tog met ou Daantjie op Kalkgat?”

Ek skud my kop en skree terug: „Kan nie sê nie, kan nie sê nie!”

„Kan nie sê nie!” roep die ou baie verwonderd uit, en gaan verder vererg aan, „ja, jul deesdae se mense steur jul mos nie aan jul ewemens se gesondheid nie; die liefde is mos teenswoordig uit die land. As ek nou so 'n uitstappie gemaak het, sou ek jul tot selwers van elke Jan Rap en sy maat vertel het.”

Toe sit ons aldrie maar doodstil, want dis tog te veel moeite om hom die hele omslagtige geskiedenis duidelik te maak.

Maar die ou, nog nie tevrede nie, vra weer: „En het ou Daantjie se seun al uit die Krieberru gekom?”

'N BOESMANLANDSE UITSTAPPIE

„Kan nie sê nie, kan nie sê nie!” skree ek maar weer terug.

„Waaat!” roep die ou nou al meer verwonderd uit, „kan jy dit dan ook nie sê nie? Het jy hom dan nie daar gesien nie? Wat het jy dan daar gaan maak?”

„Niks nie, Oom, niks nie!” skree ek ook nou vererg uit.

„Waaat, niks nie!” herhaal die ou weer, „'n uitstappie sonder niks! . . .”

„Jaaa, Oom, jaaa”, val skoonsuster Annie, skoonsuster Miemie en ek hom hier tegelyk skreurende in die rede, „dis 'n uitstappie sonder niks!”

En hoe die ou ook al verder te kere gegaan het, uitgevra het en ons sleggemaak het, ons skree maar elke slag terug:

„Niks nie, niks nie, 'n uitstappie sonder niks nie!”

H o o f s t u k XII.

'N BOESMANLANDSE „BRON VAN ONUITPUTLIKHEID”.

„Dis nie 'n lekker ding om oor te dink nie. Glo vir my, ek het al 'n sonde en ergernis oor die putsgrawery uitgestaan dat dit nou vir my smaak ek kan liewers dood. Dis darem ook nie om uit te hou nie. Dink bietjie net, ons het mos nie die vervlakste en kamtige waterwyser na ons geroep nie. Hy kan mos maar waar hy was gebly het en ons ongehinderd laat begaan het; dan het ons nou nie vandag soveel onkoste — *onnodige* onkoste — en skade en sonde en ergernis gehad nie. Maar nee, toe moet hy mos ongenooid hiernatoe kom om dan kastig 'n ware bron van water vir ons aan te wys.

En wat is die arme mens? Jy staan mos maar gedurig bloot om in versoekings te val. En die danige waterwyser kan mos praat soos 'n engel-tjie uit die hemel. En ongelukkig het ou Koos Waagstuk, ou Pietertjie Verstandtand en ou Klaas Jas ook van die meneer waterwyser op hulle plase laat water wys. Ook was daar spoedig 'n hele klomp geheimsinnige mense wat toe eensklaps kastig teen almal in die buurt tot lof van die waterwyser se vreeslike kennis van ondergrondse waters gepraat het.

'N BRON VAN ONUITPUTTELIKHEID

Hierdie geheimsinnige mense word somar gemakshalwe 'Hulle' genoem. Jy kon dus aldag hoor: 'Kyk, soos Hulle sê dan is hy darem die beste waterwyser van die dae af wat Génesis vertel, toe Abraham en Isak ook putse gegrawe het'; 'kyk, maar soos Hulle sê dan het hy nog nooit 'n plek aangewys nie of die water spring somarso 'n tien voet bo-oor jou kop'; 'kyk, maar soos Hulle sê dan is die Kaliharie nou ook 'n land owervloeiende van water en water, want hy — die waterwyser — was mos daar' ens. ens.

Nou wie kan dit stop? vra ek enige man. Jy kan nie; jy moet swig vir die versoeking; jy voel later verspot as jy nie ook laat water wys nie; jy laat jou wragtie omrokkel; jy gee in; jy soebat en smEEK en bid later glad dat vir jou tog ook maar asseggrootsteblijf moet water aangewys word. En dan moet jy nog boonop so 'n arme ou verdors-plaas hê soos ons. Wie kan so 'n vreeslike versoeking staan? vra ek weer vir enige man. Moenie glo nie; jy gee in; jy voel later of jy die dierbare en totaal onmisbare waterwyser op jou knieë kan bedank dat hy tog so ongewoon vriendelik was om tog genadiglik ook aan jou te dink by die waterwysery. Jy voel later ook so verblyd en opgeruimd dat jy stilletjies vir jou vrou gaan sê: 'Vrou, kook tog asseblief baie lekker kos vandag vir die liewe waterwyser, dan koop ek vir jou so waar as ek leef net môre 'n

'N BRON VAN ONUITPUTTELIKHEID

pragtige bont syrok en 'n wonderlike geel syhoed'.

En dan loop jy na jou oudste dogter en sê vir haar ook stilletjies: 'Ai Blommetjie, my mooiste ou kinta, loop skud tog asseblief die kussings en bulsak mooi reg daar in ons koelste ou kamertjie vir die merkwaardige waterwyser en dan moet jy bietjie kyk watter mooi kêrel jou pappie net môre van die dorp af hiernatooi'. En dan vlieg jy ook stilletjies met jou dikste donkieplaks om jou huis se gewel om die stout kindertjies en Hotnotsklonkies daar voor jou ou venstertjie weg te boener, en dan skreeu jy hulle nog bitsig agterna: 'Hou julle smoele, julle raasbalke; die arme, stomme waterwyser kan nie so 'n geraas en lawaai verdra nie!' En dan kom jy weer terug na die waterwyser (wat jy in jou voorhuisie in jou enigste gemakstoel en op jou lekkerste ou stoelkussinkie solank laat sit het) met duidelike vertonings van diensvaardige onderdanigheid. Hy gevoel hom dan ook 'n groot meneer; 'n stuk wonderlike, wandelende wetenskap; 'n bowenaardse wese met 'n oog, 'n deursig en 'n kennis om selfs water aan te wys waar in der ewigheid nooit water was nie, is nie, sal of kan wees nie.

Maar hoe weet jy dit? vra ek weer vir enige man. Jy weet nie, want jy het mos in die versoeking geval om te laat water wys. Jy is nou

'N BRON VAN ONUITPUTTELIKHEID

dood onkundig van alles; jy sien 'n aap vir die koning Salomo aan; jy verbeel jou nou dat die grootste geluk van die wêreld nou jou deel is; jy bou al kastele bo die wolke en jy bereken al vooruit waar jou vrugteboorde, jou lusern- en saailande moet aangelê word. En dan klink die waterwyser se woorde tog ook so aangenaam in jou ore. O, ja, hy vra vir jou of jy vir ou Water-rat Sterkstroom ken. En as jy sê nee, dan sê hy weer op sy beurt: 'Dis jammer, baie jammer, want hy is vandag 'n skatryk man deur die bronne van waters wat ek op sy plaas aangewys het'.

En dan vra hy jou weer na 'n hele ander boel boere wat jy ook nie ken nie en hy ook nog nooit van gehoor het nie, en dan vertel hy jou maar weer op watter lae trap hulle vroeër gestaan het, maar hoe ongeloofbaar hoog hulle vandag opgeklim het deur sy wonderbaarlike waterwysery. Maar hoe weet jy dat hy lieg? vra ek weer enige man. A nee a, hy sit en lieg nou dat jy kan soetkoek kry om gretig op te eet, want jy het mos nou eenmaal in die versoeking geval. Kwaad is mos nou in jou oë goed. Jy is mos nou 'n armsalige, omgerokkelde dwaas, en jy sien mos ook reeds bronne van water, vrugteboorde en melk en heuning en tienduisend pampoene.

Wat is daar eintlik wat jy nie nou sien nie? vra ek nou vir enige man. Reg, ek word so vies

'N BRON VAN ONUITPUTTELIKHEID

as ek nou so terugdink wat alles met ons gebeur het van ons die dag vir ons met waterwysery om die tuin laat lei het, dat dit gerus smaak of ek kan dood. Jy sou sweer ons was mense wat uit kalkoene gebroei het — ek, ou Jas en ou Pous, wat ook in die versoeking geval het om vir ons gesamentlik te laat water wys om ons saam op één plaas woon.

Die waterwyser het gesê hy sal glad nie vir ons baie vra nie; nee wat, ons kan hom maar net 'n ou klein sommetjie betaal en dan sal hy vir ons 'n plek aanwys waar 'n vreeslike bron van water is. Dan kan ons somar dadelik aan grawe gaan; dan sal die water na buite toe uitspring en dan kan ons somar dadelik aan keer gaan en op ons verskillende gronde saai en plant en werskaf dat dit so bars. Ons sê hom toe dat ons ongelukkig nie die klein-groot sommetjie by die hand het om dadelik te betaal nie. Maar toe vra hy vir ons of ons dan verspot is; ons kan mos maar vir hom net 'n bewysie van die ou sommetjie gee en dan is alles mos ook in orde. En toe lag ons lekker saam met die waterwyser om hy die ding vir ons so maklik maak. En wie sou dan ook nie saam gelag het nie? vra ek nou somar reguit vir enige man.

En ons sit en lag nog almal so smaaklik saam met mekaar toe skrywe hy al die bewys en skuiwe dit na ons om te onderteken. En ons was

'N BRON VAN ONUITPUTTELIKHEID

dan toe ook nog in so 'n derde hemel van tevredenheid en goedgesindheid dat ons somar beur om die een voor die ander sy naam te teken sonder om eens die danige 'bewyse' eers te lees. En die waterwyser het rêrig in sy skik gelyk en ons natuurlik ook. Hy het mos vir ons duidelik gemaak dat die ou bewysie slegs moet dien as 'n ou sekuriteitjie dat hy later sy ou betalinkie kan kry vir sy arbeid. En daarop het ek en ou Jas en ou Pous tegelyk geskreu: 'Ja seker, ja seker, dis nie meer as reg nie!' En wie sou dan nie ook net so geskreu het nie? vra ek nou vir enige man.

Ons kon toe glad nie droom dat ons van ons kant nie ook 'n 'ou sekuriteitjie' het nie. En soos stomme volstruise met kouse oor hulle koppe stap ons toe al agter die waterwyser aan dat hy vir ons die bron van water kan aanwys. En hy het ook maar kort gespeel, baie kort. Waarom sou hy hom dan ook om ons ontwil moegmaak? Ons glo mos tog nou alles wat hy sê en doen. Hy gaan dus net so 'n klein endjie van ons wouings af by 'n ou taaibossie staan, stamp so 'n driemaal met sy voet op die grond en sê ewe ernstig en plegtig asof hy vir 'n koning van Spanje kom bekend maak dat hy weer 'n Nuwe Wêreld ontdek het: — 'Hier, net hier! Die sterkste water van die plaas; 'n bron van onuitputlikheid!'

'N BRON VAN ONUITPUTTELIKHEID

'Hoe diep!' skreeu ons drie opgewonde tege-lyk uit.

'Aag wat', lag hy terug, 'sê so van tien tot vyftien voet'.

Ons drie se harte klop al harder van blydschap en ons vra lag-lag vir mekaar: 'Nou toe, wie het dit ooit kon dink?' En die waterwyser lag ook lekker saam. Maar watter waterwyser sou onder daardie omstandigheid nie ook saam gelag het nie? vra ek enige man. Watter man het dan ook al ooit op die wêreld so maklik besigheid gemaak? Hy het eenvoudig net lekker geëet, lekker geslaap, so 'n paar treetjies gestap, by 'n ou taai-bossie gaan staan, weer huis-toe gedraai, 'n ou 'bewysie' van 'n vet som geld in sy sak gesteek, weer lekker geëet, lekker geslaap, en toe weer alleraangenaamste uitstappies na ander plase gaan maak om daar ook sulke heerlike besigheidjies te verrig.

Maar hoe kon van inbors dooederlike mense, wat van kleinsaf gewoon is om die hele wêreld ook as eerlik en vertroubaar te beskou, nou weet dat daar soveel bedrog in één enkele, onsterflike waterwysersiel skuil? vra ek nou vir die honderdste maal vir enige man.

En so het ons drie vir die waterwyser by ons hartroerende afskeid van hom gesê: 'Kyk, ou Broer, jy moet tog seker, *seker* weer vir ons kom kuier'. En daarop het hy hoog en laag gesweer

'N BRON VAN ONUITPUTTELIKHEID

dat hy sal kom al moet hy ook te voet stap.
(Vandag verwag ek eerder dat Tafelberg van
Kaapstad af hiernatoe sal kom as hy.)

Toe is ons na die afskeid somar dadelik na die
nooit, nooit te vergete plekkie by die taaibossie.
En daar het ons honderde swaar bymekaar ge-
skraapte ponde vermors om water wat daar in
der ewigheid nooit was nie, is nie, sal of kan
wees nie. . . .

En nou vandag, nou noem ons vrouens as
hulle kwaad is, en ander bure as hulle spotlustig
is die plekkie 'Bron-van-onuitputlikheid'. En dan
sit en sluk ons drie swaar, *swaar*."

H o o f s t u k XIII.

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID.

„Jy weet, my ou Neef, ek voel vanmôre so omgekrap dat ek nie taal het nie. Jy weet tog immers ons Boesmanlanders is in die algemeen mense wat 'n teer gevoel van dankbaarheid in hulle harte het. En jy weet tog immers hoe ons jarelank die kleinste gunsie en die nietigste ou liefdebewysie wat aan ons gedoen is, onthou. Daarom is dit mos ook vir ons so bitter as ons 'n ondankbare skepsel ontmoet.

Kan jy vir jou n' slegter wese as 'n ondankbare mens voorstel? Sê, my ou Neef, sê, as jy dit kan doen; maar ek weet al jy kan nie. En ek sal jou ook sê waarom jy nie kan nie. Dis om jy en ek en voorts alle regskepe mense op die hele wêreld nie 'n dooi, stomp gevoel vir erkentlikheid besit nie. Ons kan goeddoen van kwaaddoen onderskei; ons kan dit tog tenminste verstaan en begryp wat 'n guns, 'n liefdeblyk en 'n genadige behandeling is; ons kry daar tog 'n beseffie van. En as iemand ons net maar slegs goedgesind is, dan voel ons al reeds daarvoor bly en dankbaar en ons dink daarvoor en probeer tog tenminste om goed met goed te beloon. En sien jy, my ou Neef, daarom kan ons nie ondankbaarheid verstaan nie. Dis iets wat, godedank,

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

nie in ons binnenste inbors skuilplek kry nie en dus ook buitekant ons begripsvermoë en bo ons vuurmaakplek is. En net so, my ou Neef, is daar ongelukkig mense wat skyn of hulle jou waarlik glad nie kan besef dat daar mense was en nog is wat aan hulle al goed gedoen het of nog daaglik goedges doen. Die woordjie 'dankie' word van hulle lippe nooit gehoor nie; erkentlikheid het uit hulle oë nog nooit gestraal nie; die gloed van dankbaarheid kan nimmer hulle koue harte verwarm nie; aan ontvangte gunste en gawe kan hulle nie dink nie; tot die nietigste ou liefdediensie is hulle nie instaat nie.

Doen wat jy wil, vir hulle kan jy met niks goeds verras nie; hulle sal *jou* verras — verpletter met hulle ongevoelige ondankbaarheid. Jy sal verstom staan vir so 'n stomtheid van gevoel. Vir soiets sal jy nie taal hê nie. En hulle mag jou dan boonop ook verwonderd en sonder taal staan en aangaap, want hulle wordeskat strek nie eens tot 'dankie sê' toe nie. . . .

Ek wil jou vertel, my ou Neef, ek wil jou vertel, maar so waar, ek weet nie hoe ek moet begin nie, want ek het nie vanmôre taal nie.

Maar kyk, jy weet mos darem van die ou skooltjie wat ons jare gelede op Koerka gestig het en vandag nog aan die gang hou? Nouja, netso, my ou Neef, jy weet daarvan, en jy ken mos tog seker ook vir ou Lowies Oukel?

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

Nouja, netso, my ou Neef, jy ken hom, maar dit sê ek jou, jy ken hom nog glad nie soos ek hom ken nie.

Maar laat ek jou liewers vertel. Kyk, jy weet mos toe die skooltjie jare gelede gestig is, het die skoolwet die ou Lowies Oukel ook gedwing dat hy sy vyf kindertjies in die skool moes sit? Maar toe sê hy dat hy g'n trekdierie het om dag vir dag sy ou vyf kindertjies skool-toe te bring nie. En toe ons hom vra of sy vier perde en sy twee esels en sy span donkies dan g'n trekdierie is nie, toe sê hy dat hy sy ou vyf kindertjies nie kan rondkarwei met trekdierie waarvoor hy g'n voer het nie.

En toe ons hom vra waarom hy dan nie sy ou vyf kindertjies somar by die skooltjie laat loseer nie, toe sê hy dat hy nie sy huismense kan verdeel in twee klompies en op twee aparte plekke uit twee aparte kospotte laat eet nie. En toe ons hom vra of hy ander mense wat op hulle eie houtjie vir sy vyf kindertjies se vervoer of losies en huisvesting sal sorg, op die een of ander manier enigsins sal probeer vergoeie, toe sê hy dat hy niks kan belowe nie, maar dat hy darem sal kyk wat hy eendag kan doen.

En sien jy, my ou Neef, toe sê ek vir hom: 'Nouja, neef Lowies Oukel, dan sal ek van vandag af jou vyf kindertjies op my eie houtjie laat vervoer, en dan kan jy my eendag daarvoor gee

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

wat jou hart lus het om te gee, al is dit dan ook maar 'n ou bokkie of 'n ou skapie.' En toe hy hierop glad niks sê nie, toe vra ek hom: 'Het jy my verstaan, neef Lowies Oukel?'

Toe antwoord hy: 'Ja, Neef, hoe sal ek jou dan nie verstaan het nie?'

Daarop groet hy ons en stap sonder 'n woord na sy plaas wat sowat drie myl van ons af lê. En van daardie dag af, my ou Neef, van daardie dag af het ek ou Lowies Oukel se vyf kindertjies twee jaar lank skooldag vir skooldag van sy huis na die skool en van die skool na sy huis laat vervoer. My ou vrou was later kwaad en sê dat ek ou Lowies Oukel net in sy ondankbaarheid versterk, maar dan antwoord ek haar koel en kalm: 'Wag maar ou skat, wag maar; ek wil net kyk waar ou Lowies Oukel se hart sit.'

Kort voor die twee jaar om was het ek hom eendag op die proef wou stel, en so laat vra ek hom op 'n Sondagagtermiddag of hy dan nie as sy grootsteblijf tog sy ou vyf kindertjies net die volgende Maandagmôre sal kan skool-toe stuur nie, dan sal ek hulle weer die agtermiddag huis-toe stuur en verder aangaan soos voorheen. Maar toe laat hy terug weet dat dit hom baie spyt dat hy my moet teleurstel, want een van sy merries moet oor 'n paar maande vul, sy bruinkol reunperd staan soms so snaaks asof hy dalkies iets kan makeer, en 'n string het onge-